


# St. Guntramus
## 28 Maart

(sterf 593)

Hierdie koning van die destydse Boergondiese ryk se oupa was die eerste hoofman van die heidense Frankiese stamme om die Christelike geloof aan te neem. Hy word Christelik opgevoed maar heers oor ’n grotendeels heidense bevolking. Dit wil voorkom asof hy van jongs af sy geloof ernstig opgeneem het en daar word ook na hom verwys as die vredemaker in die oorloë van sy broers ná die dood van hul vader. Hy laat egter die lyfarts van sy voormalige vrou op haar versoek doodmaak toe die haar nie kon genees nie. Dit was ’n ou heidense gebruik en Guntramus het baie spyt daaroor gehad en die res van sy lewe boete gedoen vir dié moord. Hy het baie kerke en kloosters gestig en sy onderdane die ware geloof probeer leer. Tradisioneel word hy vereer as die beskermheilige van berouvolle moordenaars.

© Die Oratorium Uitgewery